

HOOFSTUK 3 VOLKSMUSIEK IN KOORREPERTORIUM

WAT

weerspieël bronne oor volksmusiek in koorrepertorium?

- 3.1 INLEIDING**
- 3.2 ALGEMENE PERSPEKTIEF: VOLKSMUSIEK IN KOORREPERTORIUM**
 - 3.2.1 Kruisinvloede: Die invloed van volksmusiek op koorkomposisies**
 - 3.2.1.1 Die invloed van Afrika-musiek op Westerse komposisies
 - 3.2.1.2 Die invloed van Westerse musiek op Afrika-komposisies
 - 3.2.2 Volksmusiek in koorrepertorium: positiewe faktore**
 - 3.2.2.1 Die rol van volksmusiek as integrale deel van musiekopvoeding
 - 3.2.2.2 Die rol van volksmusiek as ondersteuning van die kurrikulum
 - 3.2.2.3 Algemene voordele wat die gebruik van volksmusiek inhou
 - 3.2.3 Probleme met betrekking tot die insluiting van volksmusiek in koorrepertorium**
- 3.3 SUID-AFRIKAANSE VOLKSMUSIEK**
 - 3.3.1 Diversiteit ten opsigte van taal en kultuur in Suid-Afrika
 - 3.3.2 Godsdienegroeperinge in Suid-Afrika
 - 3.3.3 Fokuspunt in hierdie navorsing ten opsigte van Suid-Afrikaanse volksmusiek
- 3.4 INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK IN SUID-AFRIKAANSE KOORREPERTORIUM**
 - 3.4.1 Geskiedkundige agtergrond van inheemse Afrika-musiek in Suid-Afrika
 - 3.4.2 Kenmerke van inheemse Afrika-musiek in Suid-Afrika
 - 3.4.3 Faktore wat die insluiting van Afrika-volksmusiek in koorrepertorium beïnvloed
 - 3.4.3.1 Weerstand vanuit 'n Westerse perspektief
 - 3.4.3.2 Weerstand vanuit 'n Afrika-perspektief
 - 3.4.3.3 Positiewe argumente vanuit 'n Afrika-perspektief
 - 3.4.3.4 Uitgawes en tydsfaktore
 - 3.4.3.5 'n Tekort aan bronne van inheemse Afrika-musiek
 - 3.4.3.6 Uitdagings ten opsigte van die behoud van die outentieke karakter
- 3.5 AFRIKAANSE VOLKSMUSIEK IN SUID-AFRIKAANSE KOORREPERTORIUM**
 - 3.5.1 Geskiedkundige agtergrond van Afrikaanse volksmusiek in Suid-Afrika
 - 3.5.2 Kenmerke van Afrikaanse volksmusiek in Suid-Afrika
 - 3.5.3 Faktore wat die insluiting van Afrikaanse volksmusiek as koorrepertorium beïnvloed
- 3.6 DEBAT: BALANS TUSSEN AFRIKA- EN AFRIKAANSE VOLKSMUSIEK**
- 3.7 DIE SOSIOPOLITIESE ROL VAN VOLKSMUSIEK IN SUID-AFRIKA**
 - 3.7.1 Die rol van volksmusiek in die transformasieproses van Suid-Afrika
 - 3.7.2 Die rol van volksmusiek ter bevordering van 'n gees van *Ubuntu*
 - 3.7.3 Positiewe faktore wat die insluiting van inheemse Afrika-musiek as koorrepertorium beïnvloed
- 3.8 VOLKSMUSIEK IN DIE REPERTORIUM VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
JAKARANDA KINDERKOOR**
- 3.9 SAMEVATTING**

3.1 INLEIDING

Musiekkulture vanoor die wêreld kom toenemend in kontak met mekaar. "The musics of the world are much more readily available to most people through the mass media" (Nettl,1998: 23). Wêreldwyd is daar 'n hernude belangstelling in volksmusiek. Meer klem word op die insluiting van inheemse musiek in koorrepertorium, asook in algemene musiekopvoeding, geplaas. (Vir die doeleindes van hierdie navorsing word *volksmusiek* en *inheemse musiek* as wissel terme gebruik; sien 1.8.4). Solbu skryf dat, in teenstelling met honderd jaar gelede, die oorsteek van internasionale grense nou aan die orde van die dag is. "We realize that there is so much more [music] than what is ours, and we dare more and more to approach what belongs to others" (Solbu,1998: 29). Hierdie tendens hou implikasies vir die gebruik van volksmusiek in koorwerk in.

Die eerste fokuspunt in hierdie hoofstuk is 'n algemene perspektief ten opsigte van die gebruik van volksmusiek in kinderkoorrepertorium. Vandaar beweeg die fokus nouer na Suid-Afrikaanse inheemse musiek, gevolg deur inheemse Afrika- en Afrikaanse musiek in Suid-Afrikaanse kinderkoorrepertorium en laastens volksmusiek in die repertorium van die Universiteit van Pretoria Jakaranda Kinderkoor.

Die positiewe waarde van die insluiting van hierdie musiek word belig, sowel as uitdagings rakende die behoud van die outentieke karakter van die musiek. 'n Verdere kwessie wat bespreek word, is kopiereg van inheemse musiek. Die vraag word gevra: Kan enige persoon aanspraak maak op eienaarskap van kultuur of besluit wie dit mag opneem en noteer?

3.2 ALGEMENE PERSPEKTIEF: VOLKSMUSIEK IN KOORREPERTORIUM

3.2.1 Kruisinvloede: Die invloed van volksmusiek op koorkomposisies

Kruisinvloede speel wêreldwyd 'n rol in komposisies van koormusiek. Solbu skryf dat die meeste hedendaagse komposisies deur kruisinvloede ontstaan. "Composers and performers cross musical boundaries and get inspiration and material from each other's music" (Solbu,1998: 33). Nettl ondersteun hierdie siening deur die volgende stelling:

The musics of the world have combined with each other – combined elements of melody, rhythm, harmony, performance practice, instruments – to produce new kinds of music appealing to a large, multicultural audience (Nettl, 1998: 23).

Solbu wys verder daarop dat selfs die oudste musiekvorme nie noodwendig slegs uit die eie kultuur stam nie. "Such forms were produced from material that creative people have heard both in their own culture and in other cultures" (Solbu, 1998: 34).

Volksmusiek speel nie net 'n belangrike rol as repertorium vir kinderkore nie, maar lewer ook 'n bydrae as die basis waarop baie nuwe komposisies geskep word. Volgens Petru Gråbe beklee inheemse musiek 'n belangrike plek in kinderkoorrepertorium en is vele koorkomposisies daardeur geïnspireer.

Ek voel baie positief oor volksmusiek. Volksmusiek is 'n kosbare bousteen vir alle kunsmusiek – as mens dink aan die rol wat volksmusiek gespeel het in skeppinge van komponiste soos Brahms en Bartók (Persoonlike kommunikasie, 7 September 2004).

Grinde skryf dat baie Noorweegse komposisies bewustelik gebaseer is op Noorweegse volksmusiek, ter viering en bevestiging van Noorweë se nuwe onafhanklikheid van Denemarke vanaf 1814. Grieg se komposisies, insluitende koorwerke, weerspieël sterk invloede van volksmusiek.

Many of his compositions bear the stamp of Norwegian folk music, and some of his most important works are arrangements of folk tunes, or are built on folk melodies (Grinde, 1993: 30).

Inheemse musiek word as basis gebruik vir komposisies, of stilistiese elemente daaruit word in komposisies gebruik. Volksmusiek in sy oorspronklike vorm, of as boumateriaal in nuwe komposisies, speel 'n belangrike rol in koorrepertorium.

3.2.1.1 Die invloed van Afrika-musiek op Westerse komposisies

Vele Westerse musici vind aanklank by, en word beïnvloed deur Afrika-musiek. Westerse komposisies toon toenemend Afrika-geïnspireerde elemente. Voorbeelde hiervan is kinderkoorwerke van kontemporêre Suid-Afrikaanse komponiste, soos *Jelelele* en *African Dawn* deur Niel van der Watt en *Tu Pauperum Refugium* gekomponeer deur Hendrik Hofmeyr (sien Diskografie). In moderne klassieke Westerse musiek is daar Afrika-Amerikaanse jazz-invloede te bespeur. Kruisbestuwing van verskillende musiekstyle is te wagte waar musiekpraktyke uit verskeie style en kulture toenemend kontak het.

3.2.1.2 Die invloed van Westerse musiek op Afrika-komposisies

Net soos inheemse Afrika-musiek 'n invloed uitoefen op karaktereenskappe van nuwe Westerse komposisies, toon Afrika-musiek op sy beurt ook Westerse invloede. "Spirituals" en Afrika-liedere toon invloede van die Christelike gesangstyl.

Die samesmelting van Westerse en Afrika-musiekstyle om 'n nuwe styl te vorm, staan bekend as *makwaya* (Potgieter, 2000). In 1806 het die Kaap as Britse kolonie Engelse, Ierse, Skotse en Walliese immigrante na Suid-Afrika gelok. Gewyde liedere wat deur Westerse sendelinge uit die genoemde lande saamgebring is,

het 'n invloed uitgoefen op Afrika-liedere. 'n Voorbeeld hiervan is die eerste deel van die Suid-Afrikaanse volkslied waar die melodie in 'n gewyde sangstyl is, terwyl die harmonie en ritmes Afrika-eienskappe toon.

Invloede tussen Afrika-musiek en musiek van die Indiër-gemeenskap in Suid-Afrika is al waargeneem. "Cross-cultural interaction and borrowing is not confined to Africans. Indian artists seek their African roots" (Duphelia-Mesthrie, 2000: 27). Die integrering van Afrika- en Indiese musiek en danse staan bekend as *maskanda*.

Die bekende Suid-Afrikaanse strykkwartet, die *Soweto String Quartet*, voer dikwels inheemse Afrika-werke uit wat in die Westerse styl genoteer en vir uitvoering op Europese instrumente verwerk is. In 'n opname van die Suid-Afrikaanse vokale kunstenaar Dan Moyane, voer hy *Die Stem* (die Westerse deel uit die nasionale volkslied van Suid-Afrika) op die melodie van die inheemse Afrika-lied *Nkosi Sikelel'i* uit (sien Diskografie).

Die kruisbeïnvloeding van musiek van die verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika, asook van nuwe en ou musiek word treffend beskryf in die voorwoord van *Vanishing cultures of South Africa*, geskryf deur Nelson Mandela:

South Africa is proud of its diverse cultural wealth and traditions. Although some cultural traditions have been forsaken, others still form an integral part of our daily life, often blending with each other and with modern elements to present a fascinating juxtaposition of old and new (Magubane, 1998).

Nuutgekomponeerde koorwerke, geïnspireer deur Afrika-musiek, of verwerkings van volksmusiek vir koor, dra by tot die repertoire vir kore wêreldwyd. Dit reflekteer die waardering wat Westerse musici vir Afrika-musiek het en staan in kontras met die persepsie dat Westeringe oor die algemeen neersien op inheemse Afrika-musiek.

Afgesien van kruisinvloede in gekomponeerde koorwerke, is invloede tussen volksmusiek van verskillende kultuurgroepe ook te bespeur. Van der Walt beskryf die impak van geestelike Negerliedere op hedendaagse *gospel*-volksmusiek van Afrika-kultuurgroepe: "The later influence of American spirituals is also to be mentioned as it spurred a gospel movement that is still very strong in the country today" (Van der Walt, 2004: 19).

Die Suid-Afrikaanse rolprent *uCarmen eKhayalitsha* het in 2005 die Goue Beer toekenning in Berlyn, Duitsland ontvang. In hierdie produksie is die Westerse opera *Carmen* van die komponis George Bizet, in 'n

Xhosa-styl verwerk. Hierdie musiekrolprent span die kroon op die idee van kruis-invloede tussen musiek in 'n Westerse en Afrika-idiom.

3.2.2 Volksmusiek in koorrepertorium: positiewe faktore

Deur inheemse musiek by koorrepertorium in te sluit, word die kind musikaal, maar ook as mens verryk. Hieronder word die rol van volksmusiek in die kind se algemene musiekopvoeding en in die kurrikulum belig. Daar word ook gekyk na die algemene bydrae wat inheemse musiek lewer.

3.2.2.1 Die rol van volksmusiek as integrale deel van musiekopvoeding

Koorwerk kan as 'n integrale deel van 'n kind se algemene musiekopvoeding dien. Rao wys daarop dat die komponis Dmitri Kabelevsky in 1988 in sy publikasie *Music and education*, koorsang as deel van Musiekopvoeding ondersteun (Rao, 1993: 2). Die insluiting van volksmusiek in koorsang kan 'n belangrike rol in die verryking van kulturele diversiteit in musiekopvoeding speel. Die beleid van die *International Society for Music Education* (ISME) beklemtoon die belangrikheid van blootstelling aan musiek van verskillende kulture en die waarde wat dit vir die kind inhou:

We specifically recommend ... that any musical education ... take as a point of departure the existence of a world of musics all of which are worthy of understanding and study ... that exposure to local musics, Western art music, and as much foreign music as possible be part of the formal music educational curricula of all nations; and further, that special attention be paid to the musics of ethnic and social groups comprising the national population (Lundquist & Szego, 1998: 18).

Hierdie benadering kan ook van toepassing wees op die keuse van repertorium vir kinderkore, aangesien kinderkoorwerk deel van die musiekopvoeding van kinders uitmaak. Die rol van die koor strek wyer as bloot koorsang. "A lot of music education is taking place outside the walls of the classroom, which formal education cannot stop" (Dzorkpey, 2002:44). Die gekose repertorium behoort dus die kind te onderrig en te verryk, nie net op 'n musikale vlak nie, maar ook op 'n kulturele en persoonlike vlak. Die repertorium behoort verder ook die kulturele diversiteit binne die koor te reflekteer. "Through the study of musics from a multicultural perspective, intercultural and intracultural understanding can be provided" (Dzorkpey, 2002: 36). Campbell skryf in 'n artikel oor die insluiting van volksmusiek in musiekopvoeding, dat hierdie musiek 'n belangrike rol het om te vervul. Sy beskou inheemse musiek as 'n essensiële deel van 'n kind se opvoeding in musiek: "[She considers it her] responsibility to expose children to the world of music possibilities. It fits well with their social studies curriculum" (Campbell, 2002: 27).

Musiekopvoeders en dirigente kan 'n waardevolle bydrae lewer tot die groei van kulturele diversiteit in musiekonderrig. Dzorkpey (2002: 44), maak in hierdie verband die volgende stelling: "[This] is the only way that formal education can bring all musics to the classroom."

3.2.2.2 Die rol van volksmusiek as ondersteuning van die kurrikulum

Die gebruik van inheemse musiek as leermateriaal vir kinders kan 'n ondersteunende rol vervul ten opsigte van die vereistes van die Suid-Afrikaanse Kuns en Kultuur-kurrikulum. Hierdie studie ondersteun die siening van Wolff dat kooraktiwiteite in Suid-Afrikaanse laerskole erkenning behoort te geniet as integrale deel van die kurrikulum. "... Choral Unit Standards and their associated Assessment Criteria for Choral Singing at the level of Primary School ... should enable choristers/learners to earn curriculum recognition and academic credits for their participation, thereby gaining acknowledgement of and support for their significant and substantial involvement" (Wolff, 2001: Part I, 1-4).

Koorsang leen hom tot die blootstelling aan inheemse musiek vanoor die wêreld, wat bydra tot die bevordering van 'n gees van *Ubuntu*. (*Ubuntu* verwys na medemenslikheid en samewerking tussen mense. Sien Terminologie, Addendum 2). 'n Prominente grondslag van die leerarea Kuns en Kultuur van die Suid-Afrikaanse kurrikulum, is *Ubuntu* (sien 3.7.2). Een van die doelwitte in die Kurrikulum vir Kuns en Kultuur is om 'n bewuswording te kweek en te versterk ten opsigte van die Suid-Afrikaanse kulture en positiewe nasiebou (South Africa, Department of Education, Curriculum, 2002: 4).

The developmental outcomes envisage learners who are able to be culturally and aesthetically sensitive across a range of social contexts (South Africa, Department of Education, Curriculum 2002: 2).

Die insluiting van musiek van verskillende kulture word ook in die kurrikula van Australië en Nieu-Seeland beklemtoon:

The arts are important for the expression of the life and culture of communities, and contribute to the transmission of values and ideas from generation to generation ... arts languages have their own conventions, codes, practices and meaning structures. They also communicate cultural contexts. (Government of Western Australia, Department of Culture and the Arts: 2004: 2).

Students form opinions, understand the significance of opinions about art and music, consider differing values and different cultures... (Education Review Office, *Arts in the New Zealand Curriculum*, 1995: 10).

Die insluiting van musiek uit 'n kind se eie kultuurerfenis, verskillende kultuurerfenisse uit sy land en wêreldwyd as deel van koorrepertorium, is dus in ooreenstemming met riglyne van die Suid-Afrikaanse kurrikulum, asook tendense in uitkomsgebaseerde kurrikulums in lande soos Australië en Nieu-Seeland.

3.2.2.3 Algemene voordele wat die gebruik van volksmusiek inhou

Voordele wat spruit uit die insluiting van volksmusiek in die koorprogram kan soos volg saamgevat word:

- Om 'n besef van die waarde van inheemse musiek vanoor die wêreld tuis te bring.
- Om begrip en waardering vir verskillende kulture te vestig en kulturele brûe te bou.
- Om 'n trots by kinders te vestig oor die Suid-Afrikaanse kultuur in sy geheel.
- Om kinders aan te moedig om met trots liedere in hul eie moedertaal te sing.
- Om algemene aanvaarding en respek tussen rasse, kulture en geografiese areas aan te moedig.
- Om persoonlike en musikale horisonne en lewensvisie te verbreed.
- Om die geleentheid te skep vir nuwe musikale ondervindings sowel as om nuwe maniere van uitdrukking deur middel van klank te verkry.
- Om die repertorium te verryk en verskeidenheid sowel as balans te bewerkstellig.
- Om koorlede en gehore aan 'n wyer repertoriumkeuse bloot te stel.

3.2.3 Probleme met betrekking tot die insluiting van volksmusiek in koorrepertorium

Wat die insluiting van volksmusiek in die koorrepertorium betref, word die dirigent met verskeie uitdagings gekonfronteer: probleme met betrekking tot transkripsies van inheemse musiek, persepsies van minderwaardigheid van volksmusiek en kwessies oor kopiereg, asook outentisiteit van uitvoerings.

- **Die transkripsie van volksmusiek**

Die transkripsie van volksmusiek wêreldwyd hou gevare in ten opsigte van die verlies aan die oorspronklike karakter van die musiek. Uit 'n onderhoud wat Solbu met 'n deelnemer aan navorsing oor die gebruik van inheemse musiek gevoer het, blyk dit dat Westerse notasie deur baie musici as kompleks ervaar word en dat notasie die geheel slegs gedeeltelik kan weergee. "Western notation has been a filter that has sorted out so many sides of musical possibilities of expression, and thereby made it poorer ... Oral music traditions seem to reveal many more aspects" (Solbu, 1998: 36). Nettl wys daarop dat die uitkoms van musiek wat deur notasie aangeleer is, kan verskil van uitvoerings waar die musiek mondeling oorgedra is: "The normal way for music to be transmitted is oral – or aural; one learns music by hearing it ... Others use notation in manuscript and in print – these two forms may, because of the standardisation available through print, have quite different results" (Nettl, 1998: 27).

Kari Ala-Pöllänen (Finse dirigent van die internasionaal-bekende Tapiola Kinderkoor) gebruik 'n beskrywende uitdrukking in 'n lesing tydens die *Europa Cantat* Kongres in 2003: "Folk Music is like a butterfly – if you catch it, it dies" (in Van Aswegen, 2004: 14). Hy verwys na Finse volksmusiek en verduidelik dat die notering van volksmusiek, veral musiek soos die Finse volksmusiek wat "joiku" genoem word, nie die ware inheemse gees van 'n lied kan weergee nie.

Die vraag of inheemse musiek genoteer behoort te word al dan nie, blyk dus wêreldwyd 'n kwessie te wees. As inheemse liedere slegs vir die oorspronklike kultuurgroep toeganklik is, beteken dit egter dat hierdie werke nie tot die beskikking van enige ander kultuurgroep is nie. Hoewel die gebruik van notasie van volksmusiek dus funksioneel is, bly die behoud van die outentieke karakter van die musiek 'n uitdaging. 'n Kombinasie van notasie en bykomende oudiovisuele materiaal blyk die oplossing te wees. Die uitdrukking van Ala-Pöllänen word soos volg deur die navorser aangepas:

Folk music is like a butterfly – you cannot catch it, but you might attempt to create a drawing of it to share the joy of its beauty.

- **Persepsie van minderwaardigheid van volksmusiek**

Die persepsie bestaan dat inheemse musiek van minderwaardige gehalte is in vergelyking met oorspronklik gekomponeerde kunsmusiek. Dié siening blyk uit die definisie van "folk music" in die tweede uitgawe van die *Harvard dictionary of music*:

The musical repertory and tradition of communities (particularly rural), as opposed to art music, which is the work of musically trained composers. It develops anonymously, usually among the uneducated classes ... Western folksong develop together with artless poems ... (Apel, 1979: 323).

In die *New Harvard dictionary of music* word volksmusiek beskryf as "Music in oral tradition, often in relatively simple style ... normally performed by nonprofessionals, used and understood ... especially by the lower socio economic classes" (Randel, 1986: 315). In hierdie definisies word inheemse musiek as die teenpool van Westerse kunsmusiek beskryf. Die vooroordeel teenoor volksmusiek is duidelik in die wyse waarop na volksgedigte as "kunsloos" verwys word en dat aanvaar word dat die skepper van volksmusiek oor geen musikale opleidingsagtergrond, of hoë sosio-ekonomiese stand beskik nie.

- **Persepsie van minderwaardigheid ten opsigte van koorverwerkings**

'n Faktor wat bydra tot die persepsie dat inheemse musiek nie in dieselfde kategorie as oorspronklike komposisies geag word nie, is die feit dat inheemse koormusiek grootliks verwerkings is. Die vraag ontstaan

dan: Is koorverwerkings van inheemse musiek vergelykbaar met die standaard en kwaliteit van oorspronklike werke? Dit wil dus voorkom asof daar wel by sommige Westerse dirigente die siening bestaan dat uitvoerings van inheemse musiek as minderwaardig geag word of bloot vermaaklikheidswaarde inhou. Dit is belangrik om oorspronklike komposisies in te sluit, maar daar is ook 'n plek vir verwerkings in konsertprogramme (sien 2.8.1.8 – 2.8.1.11). Soos in die geval met vroeëre Westerse komposisies, is dit dikwels nodig om ook volksliedere vir koordoeleindes te verwerk. Westerse volksmusiek, byvoorbeeld Afrikaanse en ander Europese inheemse liedere, word gewoonlik eenstemmig uitgevoer. Verwerking na meerstemmigheid en instrumentale begeleiding verleen egter kleur aan die uitvoering.

- **Kopiereg ten opsigte van volksmusiek**

Kan 'n persoon of 'n groep "kultuur" besit en bepaal wie dit mag opteken of uitvoer? Kan enige persoon of maatskappy die uitsluitlike reg tot volksmusiek besit? Behoort geen kultuur buiten Afrika-stamme toegelaat te word om inheemse Afrika-musiek te bestudeer, te noteer of uit te voer nie? Kartomi (1999: 166), wat waardevolle insig oor hierdie aspek gee, spreek die etiese kwessie van die notering en uitvoering van inheemse musiek aan. Sy waarsku teen die kommersiële uitbuiting van opnames wat deur etnomusikoloë gemaak word en waar inheemse musiek in 'n populêre idioom aangepas word. Hierdie kwessie aangaande kopiereg van volksmusiek kan problematies wees. Kartomi bevraagteken die algemene siening dat inheemse musiek publieke domein is en waarsku dat inheemse musikante hulself sonder verweer kan vind waar kopiereg ter sprake kom.

In multi-cultural Africa, as in Australia, America, Europe and beyond, complex issues of the ownership, authenticity and integrity of the original music arise out of contemporary recording and marketing strategies – and these are issues which are not adequately addressed by existing copyright laws (Kartomi, 1999: 173).

Behoort etiese kwessies in die pad van die bevordering van volksmusiek te staan of moet inheemse musiek binne die bereik van alle uitvoerders en luisteraars wêreldwyd te wees? Is hierdie inheemse musiekerfenis deel van 'n globale wêreld van die een-en-twintigste eeu? Dzorkey spreek sy kommer uit dat volksmusiek nie die status en aansien in die musiekbedryf kry wat dit verdien nie, en dat dit 'n negatiewe effek op die aansien en groei van inheemse musiek het.

The music industry, which is neglecting folk, traditional and non-western styles has as a result altered cultural and music behaviour ... Intelligent value judgements are possible if students have varied and rich musical experiences (Dzorkey, 2002: 108-9).

Dit wil voorkom dat dit in die globale belang van musici is om toegang tot inheemse wêreldmusiek te hê om die vryheid te geniet om volksmusiek te noteer, te verwerk en uit te voer. Om daarop aanspraak te maak dat

Westerlinge nie die reg het om Afrika-musiek uit te voer nie kan slegs konsekwent beredeneer word as aanvaar word dat alle kulturele groepe die monopolie op hul volksmusiek het.

Die probleem van kopiereg van ongepubliseerde musiek materiaal is nie beperk tot uitbuiting van die Afrika-kultuur nie. In die Westerse musiekwêreld kom hierdie probleem ook algemeen voor. Small (1996) skryf dat koormateriaal wat idees, paradigmas, teorieë en intellektuele eiendom betref nie deur kopiereg beskerm word nie. Volgens Small gebeur dit dat komponiste en aanbieders van werkswinkels in die Verenigde State van Amerika onwetend uitdeelstukke, navorsingsverslae, manuskripte en idees aanbied wat dikwels deur kursusgangers uitgebuit word. "Takers of intellectual property break community law; they ruin the dance" (Small, 1996:37). Dit blyk dat daar 'n groter gemeenskaplike bewuswording gekweek behoort te word waar lede van die koorgemeenskap en breër samelewing groter respek ontwikkel deur nie ander se idees of skeppings vir eie gebruik toe te eien nie.

3.3 SUID-AFRIKAANSE VOLKSMUSIEK

3.3.1 Diversiteit ten opsigte van taal en kultuur in Suid-Afrika


Die insluiting van musiek van verskeie kulture is veral relevant in Suid-Afrika wat bekend is vir sy kulturele diversiteit en bekendstaan as 'n "reënboognasie".

"The rainbow nation" was a description by Archbishop Desmond Tutu in the euphoric aftermath of the country's peaceful transition from minority to majority rule. The phrase captures the extraordinary diversity of races, tribes, creeds, languages, landscapes and living standards – that characterises modern South Africa. (*South Africa at a glance*: 2000: 24).

Suid-Afrika beskik oor elf amptelike landstale naamlik: Afrikaans, Engels, IsiNdebele, IsiXhosa, IsiZoele, SeSepedi, Sesotho, Setswana, SiSwazi, Tshivenda en Xitsonga (Burger, 2000: 1). Voeg hierby nog die kultuurskat van die Indiër-gemeenskap, die kleurlinge en 'n klein groep Khoi- en San-burgers.

Die oorwegende taalgroeperings in Suid-Afrika, word in die 2003-sensus soos volg weerspieël (Burger, 2003: 1):

Grafiek 4: Oorwegende taal en kultuurgroepe in Suid-Afrika




Suid-Afrika beskik dus oor 'n ryk bron van 'n verskeidenheid van kulture en volksliedere. Hierdie navorsing fokus op Afrikaanse en Afrika-volksliedere (IsiZulu, IsiXhosa, SeSepedi en Setswana).

3.3.2 Godsdienstgroeperinge in Suid-Afrika

Volgens *South Africa at a glance* (2000:27) is 75.49% van die Suid-Afrikaanse bevolking Christene. Dit het 'n invloed op repertoriumkeuse van kinderkore. Die meeste koorlede in Suid-Afrikaanse kinderkore is Christene en gewyde Christelike werke maak 'n groot deel van die repertorium van kinderkore in Suid-Afrika uit. Dit gebeur egter toenemend dat kore, veral streekskinderkore wat koorlede vanuit wyer streke en verskillende gemeenskappe insluit, ook koorlede met nie-Christelike oortuigings insluit. Verder is volksmusiek se teks nie net sekulêr nie, maar bevat ook gewyde tekste, byvoorbeeld "*spirituals*", Afrika- en Joodse volksliedere. In Suid-Afrika is daar oor die jare heen sendingwerk onderneem deur sendelinge uit onder andere Duitsland, Switserland, Skotland en Engeland. Van der Walt skryf oor die invloed van sendelinge op koormusiek in Suid-Afrika die volgende: "Without a doubt, the penetration of Christian missionaries into the interior of the country over the centuries had a profound influence on South African musical styles" (Van der Walt, 2004: 19). Die invloed van hierdie Europese kerkmusiek op die plaaslike inheemse bevolking se koorsang speel 'n belangrike rol. Die godsdienstige groepering in Suid-Afrika word in *South Africa at a glance* (2000:27) soos volg weergegee:

Grafiek 5: Godsdienstige groepe in Suid-Afrika



Die kulturele en godsdienstige diversiteit van die bevolking in Suid-Afrika speel gevolglik 'n bepalende rol in die verskeidenheid van inheemse musiek in die land.

3.3.3 Fokuspunt in hierdie navorsing ten opsigte van Suid-Afrikaanse volksmusiek

In die repertorium van die Universiteit van Pretoria Jakaranda Kinderkoor is die volgende Suid-Afrikaanse inheemse musiek ingesluit: Afrikaanse volksmusiek (Westerse idioom) en Afrika-volksliedere. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word gevolglik aandag geskenk aan en onderskei tussen twee fokuspunte: Afrikaanse volksmusiek en Afrika-volksmusiek, waar laasgenoemde verskillende Afrika-taal- en kultuurgroepe van Suid-Afrika insluit.

3.4 INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK IN SUID-AFRIKAANSE KOORREPERTORIUM

3.4.1 Geskiedkundige agtergrond van inheemse Afrika-musiek in Suid-Afrika

Die geskiedkundige agtergrond van Suid-Afrika, het inheemse Afrika-musiek op drievoudige wyse beïnvloed (Van der Walt, 2004: 19). Eerstens, moet die grootskaalse migrasie van verskillende etniese groepe na Suid-Afrika verreken word. Die San en KhoiKhoi het hulle so vroeg as 700 NC in Suidelike Afrika bevind. Hulle is die voorvaders van die Zoeloe, Xhosa, Swazi en Ndebele. Die Sotho-, Venda- en Tsonga-bevolkingsgroepe is afkomstig uit Noord-Afrika. 'n Volgende invloedryke emigrasie na Suid-Afrika, was Europese wat Westerse musiek na Suid-Afrika gebring het. Hierdie bevolkingsgroepe was hoofsaaklik Nederlanders, Franse Hugenote, Britse setlaars en Portugese. Van der Walt beskryf die breë kulturele diversiteit wat hierdie migrasie tot gevolg gehad het soos volg: "... diverse historical and cultural influences have intertwined the multiple resources of South Africa and created a unique musical identity in the country" (Van der Walt, 2004: 19).

Die tweede geskiedkundige invloed op Suid-Afrikaanse inheemse volksmusiek is die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886. Werkers van regoor die land het werksgeleenthede in die myne gevind. Dit het 'n integrasie van musiekelemente van verskillende inheemse bevolkingsgroepe tot gevolg gehad.

Die derde faktor is die politieke toestande in Suid-Afrika voor die eerste demokratiese verkiesing in 1994. Gedurende die apartheidsjare het vryheidsliedere van Afrika-bevolkingsgroepe 'n belangrike deel van die inheemse volksmusiek uitgemaak.

3.4.2 Kenmerke van inheemse Afrika-musiek in Suid-Afrika

Inheemse Afrika-musiek is 'n integrale deel van die leefwyse van die verskillende volksgroepe in Suid-Afrika. Anders as Westerse kunsmusiek, is dit nie primêr gefokus op uitvoering nie, maar vorm dit deel van die daaglikse bestaan van die mense uit Afrika-kultuur. "Sub-Saharan Africa's rich tapestry of traditional and contemporary music is closely interwoven with the lives of its people ... as with folk music the world over, the line between audience and interpreter is often blurred" (Silverman, 1994: Author's preface). Geleenthede soos huwelike, geboortes en begrafnisse gaan gepaard met gepaste sang en danse.

Music, song and dancing ... have always been important in maintaining a sense of group solidarity, particularly during times of stress, joy and change, for example, before battles, at weddings and at all the important transition ceremonies marking entry to a new stage or group (James & Van Vuuren in Magubane, 1998: 62).

Van der Walt sluit hierby aan deur Afrika-volksmusiek in Suid-Afrika te beskryf as musiek wat spontaan uitgevoer word en geïntegreer is in alledaagse lewensgebeure. Musiek, dans en improvisasie is tipiese eienskappe van hierdie musiek (Van der Walt, 2004: 19). Inheemse Suid-Afrikaanse musiek word gekenmerk deur diversiteit van musiekstyle. "South Africa has nurtured the development of an array of distinctive styles of music and it has contributed to music heard on the continent throughout the ages" (Burger, 2003: 116).

Uit onderhoude blyk dit dat skoolkore in Afrika-gemeenskappe nie net volksmusiek nie, maar ook populêre Suid-Afrikaanse style, byvoorbeeld *kwaito* ('n musiekstyl wat 'n kombinasie is van *rap*, *hip-hop* en ander tipiese Suid-Afrikaanse style) as repertorium insluit. "Some [African Venda] musicians play popular and religious music, but traditional forms are often incorporated into modern compositions" (Kirkaldy in Magubane: 1998:87).

3.4.3 Faktore wat die insluiting van Afrika-volksmusiek in koorrepertorium beïnvloed

Die volgende faktore oefen 'n invloed uit op die insluiting van inheemse Afrika-musiek:

3.4.3.1 Weerstand vanuit 'n Westerse perspektief

Daar bestaan uiteenlopende sieninge oor die insluiting van inheemse Afrika-musiek in koorrepertorium. Tydens kongresse, koorfeeste en koorkompetisies is daar besliste opinies en verskille. Daar is Westerse musici wat nie volksmusiek as waardevolle repertorium ag nie. Die volgende vrae kan gevolglik gestel word: Wat is die algemene Westerse persepsie ten opsigte van die insluiting van volksmusiek in koorrepertorium? Word inheemse Afrika-musiek as deel van koorrepertorium as waardevolle repertoriummateriaal geag?

Die volgende kategorieë dirigente met 'n Westerse agtergrond, is nie positief ten opsigte van die insluiting van Afrika-volksmusiek in hul koorrepertorium nie:

- Dirigente wat nie aanklank vind by inheemse Afrika-musiek nie, en hierdie musiek per uitsondering insluit of weglaat.
- Dirigente wat 'n vrees ervaar om 'n nuwe onbekende styl met die koor aan te pak.
- Dirigente wat inheemse Afrika-musiek nie as 'n belangrike deel van koorrepertorium beskou nie en ook nie inheemse nie-Westerse musiek as gelykwaardig aan gekomponeerde Westerse musiek ag nie (sien 5.4, F2-3 ten opsigte van dieselfde persepsie jeens volksmusiek oor die algemeen). Inheemse Afrika-musiek word dikwels beskou as interessant en opwindend, maar nie gelykwaardig in eie reg aan gekomponeerde Westerse werke nie.
- Dirigente wat verwerkings, in vergelyking met gekomponeerde werke, as minderwaardige materiaal beskou (sien Hoofstuk 5.4, F1 ten opsigte van die siening oor koorverwerkings oor die algemeen).

Die *International Society for Music Education* (ISME) beskou Westerse kunsmusiek as een van baie kunsvorme wat wêreldwyd aangetref word:

The world of music should be seen as a group of discrete musics, each with a unique style, repertory, set of governing principles and social contexts. Western art music is simply one of these musics, but because it has achieved widespread respect and an almost universal geographical distribution, it appropriately plays a special role in the world's music education ... There are no universally valid criteria for the evaluation of music ... We believe that all musical systems are valuable and worthy of comprehension and study ... Judgement of musical works and performances should be based on the criteria of the culture whose music is being studied [performed] (Lundquist & Szego, 1998: 17 & 18).

Volksmusiek word dus gelykwaardig aan Westerse kunsmusiek gestel omdat hierdie style nie as teenpole kompeteer nie, maar elk in eie reg bestaansregwaarde het.

The purpose is not and should not be, to prove that one kind of music is better than another. It should also not be to show that basically all musics are alike ... If you know something of how your own music is structured and integrated into your culture, you can use that understanding of other musics. The comparative perspective ensures that we see each musical culture as only one of many on the globe (Nettl, 1998: 24).

In die repertoriumkeuse vir kinderkore kan dit sinvol wees om volksmusiek van die koorlede in te sluit sowel as musiek uit ander kultuurgroepe.

3.4.3.2 Weerstand vanuit 'n Afrika-perspektief

Vanuit 'n Afrika-perspektief is daar 'n weerstand teen Westerse betrokkenheid by inheemse Afrika-musiek. 'n Aantal musici met 'n Afrika-musiekagtergrond sien neer op die uitvoering van Afrika-musiek deur Westerlinge en is huiwerig en in sommige gevalle onwillig om idees te deel. Sommiges is gekant, nie net teen die transkripsie van Afrika-musiek deur Westerlinge nie, maar ook teen nie-Westerse musici wat kulturele grense "oorskry" deur die uitvoering van Afrika-musiek. 'n Artikel geskryf deur Ndlovu is 'n weerspieëling van weerstand teen Westerlinge wat Afrika-musiek noteer en uitvoer:

I ... stand in defence of African music against the scorn and assaults it has endured from the west, from time immemorial ... an alien person would have to conform to local manners, beliefs and behaviour for the mastery of these arts (Ndlovu, 1995: 132-133).

Dit is moontlik dat hierdie afkeurende reaksie spruit uit die persepsie dat Westerse musici oor die algemeen 'n meerderwaardige houding jeens nie-Westerse musiek inneem. 'n Kongresganger het na afloop van Ndlovu se aanbieding die volgende vraag gestel: "Are you saying that I as a choir conductor could never teach any (African) music ... to my choir to sing (since) according to you there should be no notation?" Die antwoord wat Ndlovu gee weerspieël die persepsie wat by sommige bestaan dat Westerse musici inheemse Afrika-musiek as minderwaardig beskou:

Why must there be a compromise when teaching African music? ... [B]ecause some people think it inferior and it has to look like something for it to be recognised? Must we always get a note from the West, that this is the right way? ... Why worry about preserving music? The question of preservation of African music through notation is in my opinion gratuitous and inconsequential (Ndlovu, 1995: 133–136).

Met hierdie antwoord is die vooroordeel aan die kant van Ndlovu duidelik en impliseer hy dat hy nie wil hê dat nie-Afrikane onderrig en opgevoed word in Afrika-musiek met gebruikmaking van notasie nie. Alhoewel Westerse musici bewaring as 'n belangrike rede aanvoer waarom Afrika-musiek genoteer behoort te word,

beskou Ndlovu dit as kunsmatig. Volgens hom oorleef Afrika-musiek deur middel van mondelinge oordraging en is transkripsies van Afrika-musiek oorbodig. Hy beskou dus die kwessie van die bewaring van Afrika-musiek as irrelevant. Hy voer verder aan dat selfs genoteerde werke van Bach, Beethoven en Mozart die kans staan om te verdwyn.

3.4.3.3 Positiewe argumente vanuit 'n Afrika-perspektief

Volgens Nketia (1976: 367) het Westeringe beslis 'n positiewe rol te speel in die beskrywing, notering en uitvoering van Afrika-musiek. Volgens hom is daar beslis ruimte vir Westerse betrokkenheid by inheemse Afrika-musiek: "There is certainly room for critical studies that bring to the forefront what is not verbalized or rationalized by African musicians but which become manifest in what they do". Magubane wys daarop dat die voortbestaan van Afrika-tradisies nie net op mondelinge oorlewing kan staatmaak nie:

Reliance on oral traditions becomes increasingly problematic the further back one delves into the past, particularly when there is no corroborative archaeological and linguistic evidence (Magubane, 1998: 8).

Vanuit 'n etnomusikologiese oogpunt, kan die belangrikheid ten opsigte van die bewaring van Afrika-musiek nie geïgnoreer word nie. 'n Uitspraak van Nzewi onderstreep hierdie perspektief: "Universal symbols and language are considered essential for world music interaction" (Nzewi, 1998: 460 & 472).

Hierdie uitspraak impliseer dat die betrokkenheid van Westerse musici by inheemse Afrika-musiek 'n positiewe bydrae kan lewer en kan lei tot die bou van kulturele brûe tussen verskillende tradisies.

- **Die wenslikheid van transkripsies van inheemse Afrika-liedere**

Een van die implikasies in die gebruik van volksmusiek, is dat dit mondelings oorgedra word (sien 4.2.3.1). Die meeste inheemse musiek, veral Afrika-musiek, is nie genoteer nie. Die notering van hierdie musiek skep enersyds 'n geleentheid vir die bewaring en latere uitvoering daarvan. Andersyds word die argument gehuldig dat Westerse notasie nie daarin slaag om inheemse musiek stylgetrou weer te gee nie.

Hood wys daarop dat 'n agtergrondskennis van die mondelinge tradisies en kulturele raamwerk noodsaaklik is as aanvulling tot die notasie.

Certain symbols may be ambiguous, that is, may not fulfil our basic requirement for clarity of representation in an efficient system of notation. Each tradition has emphasized certain aspects of musical expression, and, reflecting this emphasis its notation may have

become too rigid to accommodate a variety of other practices known in actual performance (Hood, 1982: 76).

In 'n poging tot die notering van volksliedere, moet die musieknotasie so eerlik en getrou as moontlik weergegee word. Volgens Elsbeth Hugo (Persoonlike kommunikasie, 12 Oktober 2004) het sy as beoordelaar tydens die 2004 *Sigarona* Koorfees (Departement Onderwys, Gauteng) weer eens onder die indruk gekom van leemtes wat die notasie van inheemse Afrika-liedere betref. Die SeSepedi-lied *Mangoane Mpulele* is deur 'n blanke koor uitgevoer. Volgens haar medebeoordelaar, Siphso Sibanyoni, word die lied al vir jare deur blanke kore ritmies foutief uitgevoer. Westerlinge beklemtoon die volgende lettergrepe: *Mángoane Mpúlele*, terwyl Sibanyoni daarop wys dat die korrekte gesinkopeerde klem in die Afrika-volksmond soos volg moet lyk: *Mángwane Mpuléle*. Verskillende ritmiese beklemtoning kan verskillende betekenis tot gevolg hê.

Dit is ook noodsaaklik om kennis in te win oor die kulturele agtergrond van die lied. Sommige Afrika-liedere vorm byvoorbeeld deel van die inisiëringseremonie en mag slegs deur dogters of seuns gesing word. Sulke liedere word deur die inheemse bevolkingsgroepe gereken as onvanpas vir verhoogoptredes. Die kundiges van die betrokke taalgroep moet geraadpleeg word voordat 'n inheemse lied sonder meer as repertorium gekies word.

Notasie is nogtans 'n waardevolle instrument wat gedefinieër kan word as "symbols that facilitate musical communication" (Grové, 2001: 5-20). Die notering van musiek is 'n nie-lewende medium waarmee volksmusiek in 'n mate bestudeer en bewaar kan word. Musiek lewe nie in notasie nie, maar maak primêr staat op klank en uitvoeringspraktyke (sien 2.8.1.8). Dit is sinvol dat notasie wel gebruik word, maar met ondersteunende media wat 'n waardevolle bydrae kan lewer tot die nabootsing van uitspraak, bewegings en die algemene uitvoeringstyl, veral waar 'n koor nie die geleentheid het om met 'n individu of 'n koor uit die betrokke kultuur van die inheemse lied te werk nie.

Navorsing oor volksmusiek wêreldwyd, insluitend Afrika-musiek, speel 'n belangrike rol in die toeganklikheid daarvan. Verdere studie en die bewaring daarvan vir die toekoms is noodsaaklik. As hierdie musiek op geen wyse opgeteken word nie, sal ander kulture en moontlik ook toekomstige nageslagte van die eie volk nie kan deel in die vreugde om hierdie musiek te hoor of uit te voer nie. Volgens Nettl (1998: 27) kan die proses van oordraging van musiek mondeling sowel as deur middel van notasie plaasvind. Deur notasie aan te wend (konseptualisering), is dit moontlik om musiek wat in 'n bepaalde area en tyd, en deur 'n bepaalde groep uitgevoer word, te dokumenteer. Dit is egter belangrik dat dirigente 'n stap verder beweeg in die rigting van

kontekstualisering. Die notasie van volksmusiek kan dus as 'n waardevolle medium beskou word met die voorwaarde dat beide konseptualisering en kontekstualisering plaasvind.

3.4.3.4 Uitgawes en tydsfaktore

Om inheemse Afrika-musiek suksesvol uit te voer hou dikwels bykomende koste in en neem ekstra tyd in beslag. Dirigente is genoodsaak om van kenners gebruik te maak om die koor by te staan met die oog op die korrekte uitspraak van die teks, choreografie, trombegeleiding en algemene uitvoeringstyl. Dit verg insette van die dirigent om geskikte persone op te spoor, reëlings te tref en die persoon of persone vir hul diens tydens repetisies en/of optredes, te vergoed.

3.4.3.5 'n Tekort aan bronne van inheemse Afrika-musiek

'n Kernprobleem wat dirigente ten opsigte van die insluiting van inheemse Afrika-musiek ondervind, is eerstens die gebrek aan bladmusiek vir gelykstemmige kore. Meer transkripsies is in die laaste aantal jare beskikbaar as vroeër. In vergelyking met klassieke koorrepertorium, is die beskikbare bladmusiek vir inheemse musiek egter steeds onvoldoende in terme van kwantiteit en verskeidenheid. Tweedens is daar 'n tekort aan hulpmiddels (soos CD-opnames of video-materiaal) om dirigente en koorlede te lei in die korrekte uitspraak van die teks, begrip van die kulturele agtergrond van die musiek en die outentieke bewegings wat 'n belangrike aspek van hierdie musiek is.

In 'n onderhoud met Benny Mminele (betrokke by koorverenigings in Gauteng en beoordelaar van koorfeeste en aanbieder van werkswinkels landwyd) word die feit dat daar 'n tekort aan gelykstemmige koormusiek van inheemse Afrika-musiek is, bevestig (Onderhoud, 16 Augustus 2004). Volgens Mminele kan die volgende redes vir die tekort aan bronne van inheemse Afrika-musiek vir kinderkore aangevoer word:

- **Min gelykstemmige streekskinderkore in Afrika-gemeenskappe in Suid-Afrika**

Dit blyk dat daar min streekskinderkore in Afrika-gemeenskappe in Suid-Afrika bestaan. Afgesien van kindersang in kerkverband, blyk dit dat daar nie 'n streekskinderkoorbeweging in swart gemeenskappe is nie. Op 'n vraag aan Dineo Diale of daar uitstaande laerskoolkore of gemeenskaps-kinderkore in haar gemeenskap in Shoshanguwe bestaan, antwoord sy soos volg:

No, because people do not have music knowledge. The same problem occurs in black and white schools: teachers are forced to conduct choirs. They do not have the background and skills to give them confidence and they are not motivated (Onderhoud, 17 Augustus 2004).

Volgens Frederick Kubu (Bestuurslid van die Johannesburg Spoornet Choir) en Thoko Simelane (Dirigent van die Johannesburg Spoornet Choir), is daar 'n tekort aan streekskinderkore wat op Afrika-gemeenskappe fokus en is daar tans planne in werking om 'n kinderkoor in Thokosa (Johannesburg) op die been te bring. Die kinderkoor sal gelei word deur Thoko Simelane (Onderhoud, 18 September 2004).

- **Gemengde koorsang in laerskole in Afrika-gemeenskappe**

Dit blyk dat daar in van die laerskole in Afrika-gemeenskappe leerders is wat ouer as die "normale" is. Van die seuns se stemme het al verander, gevolglik word van koormusiek met gemengde koorbesetting gebruik gemaak. "Our children (in African communities) start at an early age singing SATB. Sometimes as early as grade 2 and 3" (Mminele, Onderhoud, 16 Augustus 2004, Pretoria). Hierdie siening word ondersteun deur Annemarie van der Walt (Bestuurslid van die International Federation for Choral Music, visepresident van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging, voorsitter van die Musica International van Suider-Afrika, redakteur van die nuusbrieff van die Suid-Afrikaanse koorvereniging, *Cantando Gaudeamus*, organiseerder van die Tirisano-kompetisie in die Bloemfontein-streek en dirigent van skoolkore):

Al die Seniorprimêre kore waarna ek geluister het en mee te doen gekry het, sing SATB. Ek het nog nie een kinderkoor uit swart gemeenskappe gehoor wat gelykstemmig (SSA) sing nie. Ek het dit ook waargeneem deur my betrokkenheid by die Tirisano koorkompetisie en koorbedrywighede in Suid-Afrika oor die algemeen. Laerskool seniorkore sing in swart gemeenskappe vroeër gemengde koormusiek as in blanke skole. Ek vermoed die rede is dat die ouderdomme van die kinders hoër as in blanke gemeenskappe. Alhoewel die ouderdomsgaping besig is om minder te word, is daar byvoorbeeld in die Qua-Qua-omgewing nog oorwegend ouer leerders (Annemarie van der Walt, Onderhoud, 30 Julie 2004).

Dineo Diale verskil egter van hierdie siening: "I do not agree - I find that the voices that I work with are still soprano and alto - voices in grade 6 and 7. Most of the boys from that age group cannot sing tenor and bass" (Persoonlike kommunikasie, 17 Augustus 2004).

- **'n Leemte ten opsigte van die bevordering van 'n positiewe gesindheid jeens volksmusiek by kinders**

Volgens Benny Mminele word daar nie genoeg gedoen om Suid-Afrikaanse inheemse musiek by kinders te bevorder nie:

Children like to sing American pop music, because it is over-advertised in the media. We do not have programmes where kids are encouraged to take part in traditional songs. Even in competitions you will find that the prescribed songs are more Western than

African. Out of forty eight songs for the entire competition for grade 2 to 12, you will find maybe six African songs (Onderhoud, 16 Augustus 2004).

- **Koorkompetisies in Afrika-gemeenskappe**

Organiseerders van koorkompetisies skryf dikwels uit onkunde gemengde koormusiek vir gelykstemmige kinderkore voor. Mminele sê hieroor:

The problem is that in competitions in our communities, SATB songs for adult choirs are sometimes prescribed for children's choirs, for example grade 1 and 2. People who prescribe the music should do more research (Onderhoud, 16 Augustus 2004).

3.4.3.6 Uitdagings ten opsigte van die behoud van die outentieke karakter

Kore kom te staan voor uitdagings wanneer Afrika-volksmusiek uitgevoer word. Faktore soos die outentieke karakter van die musiek, die korrekte uitspraak in die oorspronklike taal, begrip van die teks, gepaste bewegings en begeleidingsinstrumente moet in ag geneem word.

Uit 'n Suid-Afrikaanse perspektief, is die behoud van die outentieke karakter van musiek nie net aktueel ten opsigte van musiek uit die buiteland nie, maar ook ten opsigte van inheemse musiek in die land self. Afgesien van die uitdagings waarmee dirigente gekonfronteer word, is daar ook navorsers wat daarop wys dat die uitvoering van inheemse Afrika-musiek gevare inhou ten opsigte van die miskennis van die outentieke karakter van die musiek. Wolff definieër stylistiese outentiekheid soos volg:

To perform music within a specific music type and context; to respond to cultural and historical aspects of the song and to perform the song in an idiomatically appropriate manner (Wolff, 2001: 3-37).

Dit is belangrik om die inheemse styl van volksmusiek so eerlik en getrou moontlik te vertolk. "In performing African songs one must always strive for the right style and the so-called African 'feel'" (Van der Walt 2004: 19). Lundquist en Szego wys daarop dat kennis van die musiek van 'n betrokke kultuur een van die voorvereistes is om begrip vir die betrokke kultuur te ontwikkel. Om die musiek van 'n kultuurgroep uit te voer is dit belangrik om kennis van die kulturele konteks van die betrokke lied in te win.

Music can be best comprehended in social and cultural context and as part of its culture ... An outsider to a culture can learn to appreciate and understand its music, and even to perform it, but there may be limits to his or her ability to gain an insider's perception (Lundquist & Szego, 1998: 17).

Solbu vra die vraag: "Can I share borrowed songs with others?" en gee dan die volgende antwoord: "I really don't want to misuse what I have borrowed. At the same time, I want others to have pleasure from them.

Because every song is, of course, a little treasure" (Solbu, 1998: 35). 'n Sekondêre uitvoering kan dus nooit 'n oorspronklike uitvoering ewenaar of as gelyke van primêre uitvoerings gesien word nie. Dit is ook nie die doel van 'n sekondêre uitvoering nie. 'n Dirigent en koor kan egter daarna streef om die inheemse musiek so outentiek moontlik na te boots.

- **Die uitvoering van volksmusiek in die oorspronklike taal**

Pohjola (1993: 112 & 113) wys daarop dat 'n vertaling van 'n teks selde dieselfde trefkrag as die oorspronklike teks het en dat dit die musiek minder komplementeer as die oorspronklike teks. Hy beklemtoon die feit dat dit beter is om volksmusiek in die oorspronklike taal uit te voer en dat moeite gedoen moet word met die korrekte uitspraak. Dit geld vir oorspronklike komposisies, asook vir inheemse musiek. Koorlede behoort so afgerig te word dat die teks so korrek moontlik uitgespreek word. In hierdie verband is dit noodsaaklik om gebruik te maak van 'n moedertaalspreker van die taal van die betrokke werk, of 'n klank- of video-opname daarvan. Die feit dat die koorsangers kinders kan wees, kan nie as verskoning geld vir slordige uitspraak nie.

Audiences experience songs delivered in their own language as a mark of esteem and respect. The degree of respect is naturally dependant on just how well the song has been rehearsed. Good-natured smiles at 'the little flaws that naturally will creep into a performance by children' are not what we are after (Pohjola, 1993: 113).

'n Voorvereiste in die strewe na outentieke uitvoerings van volksmusiek van ander kulture, is dus die uitvoering van hierdie musiek in die oorspronklike taal en goedversorgde uitspraak.

- **Die uitvoering van bewegings as deel van inheemse Afrika-musiek**

Bewegings en danse is 'n integrale deel van inheemse Afrika-musiek. Die kombinasie van sang en dans is tipies, en verleen vitaliteit, energie en visuele trefkrag aan die musiek. Dit is verbasend om te sien hoeveel genoteerde Afrika-liedere op die mark beskikbaar is sonder enige verwysing na die bewegings wat saam met die lied uitgevoer behoort te word. In hierdie opsig is dit van essensiële belang dat 'n kenner van die betrokke kultuur self die lied vir die koor aanleer en demonstreer, of dat die koor op 'n video-opname staatmaak. Dit is egter ook belangrik om daarvan kennis te neem dat nie alle Afrika-liedere met bewegings uitgevoer word nie. Gewyde Afrika-musiek vind byvoorbeeld nie noodwendig met bewegings plaas nie.

- **Die insluiting van begeleidingsinstrumente as deel van inheemse Afrika-musiek**

In Suid-Afrika word inheemse Afrika-musiek hoofsaaklik vokaal uitgevoer. Dit is nie 'n gegewe dat alle kooruitvoerings van Afrika-volksliedere met begeleidingsinstrumente soos byvoorbeeld tromme uitgevoer word nie. In 'n onderhoud met Benny Mminele merk hy op dat daar in Suid-Afrika te min van instrumentale begeleiding gebruik gemaak word.

It is true that traditional African music in South Africa is mostly performed only vocally and without the accompaniment of African instruments – I think that should change: South African choirs should include more instruments with their choral performances. South African choirs should experiment more with African instruments (Onderhoud, 16 Augustus 2004).

Hy skryf die leemte ten opsigte van die gebruik van begeleidingsinstrumente daaraan toe dat die Afrika-taalsprekers Afrika-musiek as te vanselfsprekend aanvaar. Volgens hom doen hulle nie genoeg moeite om Afrika-instrumente te leer speel en as begeleiding in te sluit nie. Hy wys daarop dat blanke kore oor die algemeen meer moeite doen om navorsing te doen en kenners te betrek om begeleidingsinstrumente tydens kooruitvoerings van inheemse Afrika-liedere in te sluit. As beoordelaar tydens 'n ATKV-koorfeeste het hy die volgende waarneming gemaak:

The school that won went out of their way to do research on how the drum should be played. (I think it was Affies Boys High with Hannelize du Plessis as the conductor. One of their parents went to KwaNdebele on several occasions to learn how to play African instruments, especially the drums.) I do not say it should be overexaggerated – too many instruments can place the emphasis on creating effects rather than serving the music. At the same event I also adjudicated some choirs that came up with a wonderful variety of African instruments, but it was overused. You could not hear the singing any longer. You can use any number of instruments as long as the way they are played is controlled in terms of volume (Onderhoud, 16 Augustus 2004).

Die insluiting van instrumente as begeleiding by inheemse Afrika-musiek kan dus 'n waardevolle bydrae lewer. Dit is egter nodig dat kenners betrek word om die spel so outentiek moontlik te hou en dat die balans tussen die sang en begeleiding in ag geneem word.

3.5 AFRIKAANSE VOLKSMUSIEK IN SUID-AFRIKAANSE KOORREPERTORIUM

3.5.1 Geskiedkundige agtergrond van Afrikaanse volksmusiek in Suid-Afrika

Die geskiedenis van Afrikaanse volksliedere is relatief kort en die Afrikaanssprekende bevolking maak 'n kleiner deel van die Suid-Afrikaanse bevolking uit. In die 2003-sensus word die aantal Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika bereken op 13.3% (sien 3.3.1). Hierdie groep bestaan hoofsaaklik uit blankes, kleurlinge en die Kaapse Maleier-bevolking.

Baie Afrikaanse volksliedere het nie in Suid-Afrika ontstaan nie, maar is afkomstig uit Europa en Amerika (Verster, 1992: 19). Volksliedere wat hul ontstaan in Europa het, sluit liedere in van Holland, Duitsland, Frankryk en Engeland in. Min Engelse volksliedere het op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan (McLachlan, 1978: 43).

3.5.2 Kenmerke van Afrikaanse volksmusiek in Suid-Afrika

McLachlan verwys na 'n studie deur Jan Bouws met betrekking tot die ontstaan van Afrikaanse volksliedjies (McLachlan, 1978: 44):

- liedere waarvan beide die teks en melodie sy oorsprong in Afrikaans het
- liedere waarvan Europese melodieë met 'n Afrikaanse teks gekombineer is
- liedere waarvan gedeeltes van melodieë uit verskillende liedjies saamgevoeg is

Daar kan tussen drie soorte Afrikaanse volksliedjies onderskei word:

- Afrikaanse volkswysies

Hierdie sekulêre liedere word gekenmerk deur 'n vrolike en lighartige karakter. Die musiek is meestal in vierslagmaat en in 'n majeurtoonard. Laasgenoemde kan toegeskryf word aan die konsertina en kitaar wat as begeleidingsinstrumente gebruik is, en hoofsaaklik beperk was tot die drie primêre majeurakkoorde. Voorbeelde van Afrikaanse volkswysies is *My Sarie Marais* en *Daar kom die wa*.

- Afrikaanse liederwysies

Hierdie gewyde volksliedere is meer gedrae as die volksliedjies. "Vreugde, wanhoop en vertroue in God is in hulle te vind en min ander kultuurbesit gee ons 'n beter beeld van die intiem godsdienstige lewe van die baanbrekers [Afrikaans-sprekende Voortrekkers, wat in 1836 - 1838 na die binneland getrek het.]" (McLachlan, 1978: 45). Voorbeelde van liederwysies is die *Magaliesbergse Aandlied* en die *Aandgesang*.

- Kaap-Maleise volkswysies

Die Kaapse Maleiers se voorouers was slawe en politieke bannelinge wat kort ná 1652 na die Kaap gekom het. Hierdie groep Afrikaanssprekendes is meestal Moslem en van Oosterse afkoms, en woon hoofsaaklik in die Kaapse Skiereiland (Verster, 1992: 23 & 24). Die volksliedere van hierdie groep is beïnvloed deur die Hollandse koloniste en matrose wat die Kaap besoek het. Die Maleier-liedere kan in drie groepe gedeel word naamlik feesliedere (wat meestal by huwelike gesing is) byvoorbeeld *Zou daar en Magertjie vroeg opstaan*, Hollandse liedere byvoorbeeld *Piet Hein* en moppies en ghomma-liedjies, byvoorbeeld *Hoor jy daardie ghomma* en *Die Alibama*.

3.5.3 Faktore wat die insluiting van Afrikaanse volksmusiek as koorrepertorium beïnvloed

'n Toenemende populariteit ten opsigte van die insluiting van inheemse Afrika- musiek in die repertorium van Suid-Afrikaanse kinderkore, kan waargeneem word. Vrae ontstaan egter ten opsigte van die lae frekwensie van inheemse Afrikaanse musiek in die repertorium van konsertprogramme, veral dié wat in die buiteland aangebied word.

Solbu fokus op dieselfde vraag: Waarom geniet liedere van ander kultuurgroepe dikwels voorkeur in repertoriumkeuse terwyl 'n groep se eie kultuur soms verwaarloos word?

Could it be that we borrow songs from others because the grass seems greener on the other side of the fence or is it perhaps true that music which others perform well is more appealing to us than our own, which we may not yet have mastered? Could the constant exploration of other musical cultures be the result of the fact that I no longer recognize myself in my own? (Solbu, 1998: 31).

In die soeke na geskikte Afrika-musiek vir die kinderkoor het die vraag ontstaan hoe inheemse Afrikaanse musiek ingesluit kan word wat, soos die geval met Afrika-musiek, ook 'n bekoring en trefkrag het. Die volgende vrae het hieruit voortgevloei:

- **Waarom sluit oorwegend Afrikaanssprekende kore toenemend inheemse Afrika-musiek in hul repertorium in, maar nie inheemse musiek van hul eie taal nie?**

Deur persoonlike ondervinding is gevind dat treffende Afrikaanse volksliedere net so skaars is as geskikte inheemse Afrika-liedere. Dirigente streef na die insluiting van werke wat nie oorbekend en geïk is nie. Die navorser het gevind dat van die bekende Afrikaanse inheemse liedere soms trefkrag verloor, omdat dit moontlik oorbekend is en op die oor van die moderne kind en gehoor "outyds" en oninteressant voorkom. Dit het gelei tot die uitdaging om treffende Afrikaanse liedere te soek wat van nuuts af in koorrepertorium gebruik kan word.

- **Is daar minder bekende en vergete Afrikaanse volksliedere wat treffend is en geskik sou wees vir kinderkoorverwerkings?**

Om geskikte tradisionele **Afrikaanse** liedere te vind wat geslaagd as repertorium ingesluit kan word, is dikwels 'n uitdaging. Die sukses van **Afrika**-volksliedere is deels toe te skryf aan die visuele impak van die choreografie wat hierdie liedere kenmerk. Dit het gelei tot die vraag of daar in die verlede, buiten volkspele, ook ander outentieke inheemse danse bestaan wat saam met die **Afrikaanse** liedere uitgevoer kan word. In die soektoeg na geskikte inheemse Afrikaanse liedere is sterk gesteun op die hulp van kenners op die gebied

van inheemse Afrikaanse musiek. Daar is tot die slotsom gekom dat die samestelling van repertorium dikwels 'n kreatiewe proses is wat deur interaksie met mense geïnspireer, versterk en tot uitvoer gebring word. Die proses wat gevolg is om inheemse Afrikaanse liedere met gepaardgaande outentieke danse uit te voer, is 'n voorbeeld van die interaktiewe proses wat dikwels gevolg word.

- **Is daar, afgesien van volkspele, ander choreografie wat outentiek saam met inheemse Afrikaanse liedere uitgevoer kan word?**

Navorsing in dié verband het 'n reeks materiaal van inheemse Afrikaanse boeredanse tot gevolg gehad. Van hierdie materiaal is saamgestel vir gebruik in die repertorium van die UP Jakaranda Kinderkoor. Daar is saam met 'n span kundiges, onder leiding van Fred van Zyl ('n kundige op die gebied van inheemse Afrikaanse Boeredanse en liedere wat uitgevoer is in die tyd van die Voortrekkers) na ou 78-plate geluister. Hierdie kundiges van inheemse Afrikaanse musiek, het bepaal of die snitte gekomponeerde werke is of werklik tradisioneel van oorsprong is. Liedere wat moontlik geskik kan wees, is op band geneem. Daarna is die opnames weer deurgeluister en 'n keuse is gemaak. Om te bepaal watter liedere ingesluit kan word, het die volgende kriteria gegeld:

- Is dit 'n inheemse lied?
- Beskik die werk oor trefkrag?
- Is die teks gepas vir kindersang?
- Wat is die danssoort van elke lied? (Daar is liedere van elk van die volgende danssoorte ingesluit: mazurka, wals, setees en polka.)

Die Suid-Afrikaanse komponis en kenner op die gebied van inheemse Afrikaanse musiek, Chris Lamprecht, is genader om die gekose liedere te verwerk. (Chris Lamprecht het 'n waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse volksliedereskaf gelewer deur sy jarelange navorsingsprogram oor en versameling van Afrikaanse volksliedjies. Sy versamelde materiaal en kennis is in radio-aanbiedings, onder die titel "Dit kom van ver af", met die Suid-Afrikaanse publiek gedeel). Hierdie gekose liederdansen is suksesvol deur die UP Jakaranda Kinderkoor in Suid-Afrika en in die buiteland uitgevoer (sien Diskografie). Die materiaal is by uitstek geskik vir kinderkoorsang. Die koorlede sowel as plaaslike en buitelandse gehore geniet die danse, asook die ligte trant en humor van die werke. Nadat die koor gehoor is, het die effektiwiteit van hierdie uitvoerings by meer dirigente byval gevind en is hierdie werke met die outentieke danse deur verskeie ander Suid-Afrikaanse kore uitgevoer. Dit lewer bewys dat interaksie met plaaslike komponiste nuwe komposisies tot gevolg het en dat interaksie tussen kore nuwe Suid-Afrikaanse komposisies en verwerkings, veral van volksmusiek, bevorder.

Hierdie werke is 'n verrykende element in die konsertprogram van die koor vir wie die werk as opdragwerk gekomponeer of verwerk is.

Die liederdane lewer bewys dat inheemse Afrikaanse liedere nie afgeleef is nie. Net soos Afrika-liedere, kan dit ook met visuele trefkrag, humor en oortuiging uitgevoer word. Die Westerse styl van hierdie werke kontrasteer met inheemse Afrika-musiek maar staan nie in kompetisie met Afrika-liedere nie. Solbu bied 'n treffende slotsom ten opsigte van die insluiting van volksmusiek van 'n groep se eie kultuur sowel as musiek vanuit ander kulture:

To explore other cultures can be a way of fleeing from one's own culture. But it can also be a means of searching for a supplement to one's own culture, something which expands, makes whole or creates perspectives about one's own culture, and which places that with which we are familiar into a larger framework, thus revealing new aspects of it ... I cannot escape from my own identity, but I can enrich it. The deeper a tree's roots, the further its branches can extend without toppling it (Solbu, 1998: 31).

In Suid-Afrikaanse konsertprogramme kan beide Afrika- en Afrikaanse volksmusiek mekaar aanvul en variasie en kleur aan konsertprogramme verleen. Saam gee dit 'n unieke karakter aan inheemse Suid-Afrikaanse koorrepertorium.

3.6 DEBAT: BALANS TUSSEN AFRIKA- EN AFRIKAANSE VOLKSMUSIEK

Die onderwerp *repertoriumkeuse* geniet ook in die Suid-Afrikaanse media aandag. Kwessies aangaande die insluiting van inheemse Afrika-musiek en Afrikaanse musiek word onder die soeklig geplaas. In die Sondagkoerant, *Rapport* van 18 Julie 2004, val die fokus op die vraag: Behoort 'n Afrikaanssprekende koor Afrikaanse musiek in te sluit? In hierdie berig, geskryf deur Malan, word die Stellenbosch Universiteitskoor, onder leiding van André van der Merwe, gekritiseer oor die repertoriumkeuse. Tydens deelname aan die 2004 *Musica Mundi* Koorolimpiade in Duitsland het hierdie koor buitengewone prestasies behaal, maar hoewel die koorlede oorwegend Afrikaans is, is daar nie in Afrikaans gesing nie. In die *folklore*-afdeling is ook geen inheemse Afrikaanse musiek ingesluit nie. Volgens die berig het verskeie briewe die "skreiende afwesigheid" van Afrikaans in die koor se program as "kulturele verrraad" beskou. 'n Leser word soos volg aangehaal: "Dis 'n maskerade en 'n jammerlike poging tot politieke korrektheid" (Johan Botes, Hamburg & Renier Schoeman, NNP-leier Kwazulu-Natal, *Rapport*, 18 Julie 2004, Nuus: 6). Die reaksie van die dirigent op hierdie kritiek, werp lig op hóé 'n dirigent te werk gaan om repertorium saam te stel:

In die kategorie Jeugkoor moes elke koor vier werke sing waarvan net een kontemporêre werk van jou land van oorsprong. Hiervoor is Roelof Temmingh se Psalm 8 gesing – wat spesiaal vir die koor vir die kompetisie gekomponeer is. Temmingh het vir

sy toonsetting die Duitse teks gebruik. Dit is 'n virtuose werk wat vir die wêreld gewys het wat in Suid-Afrikaanse komponiste steek ... Ek het dié vier werke gekies omdat hulle verskeie diverse vereistes aan 'n koor stel. Die werke vereis nuwe kontemporêre tegnieke en versinnebeeld huidige internasionale vokale tendense (André van der Merwe, *Rapport*, 18 Julie 2004: Nuus: 6).

Van der Merwe se verduideliking waarom slegs Afrika-liedere en nie inheemse Afrikaanse musiek in die *folklore*-afdeling ingesluit is nie, werp lig op hoe kompetisiedeelnemers 'n invloed uitoefen op die dirigent se keuse van repertorium. Hy word in die artikel soos volg aangehaal:

[Afrika-liedere is gekies] ...aangesien inheemse Afrika-koormusiek dramatiese, dinamiese en skouspelagtig is ... Ons het besluit op 'n Afrika-tema omdat ons gemeen het vir die bepaalde kompetisie sou Afrikaanse volksliedere nie groter trefkrag hê nie. Xhosa en Zoeloe-musiek is meer ekspressief en dramatiese en sou byval vind by die beoordelaars (André van der Merwe, *Rapport*, 18 Julie 2004: Nuus: 6).

In 'n onderhoud met Huibrie Verster is daarop gewys dat baie Engelssprekende en Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, in teenstelling met ons Afrika-sprekende landgenote, oor min volkseie kultuur beskik.

Om musiek in die regte styl uit te voer kan problematies wees as die musiek nie deel van jou kulturele agtergrond is nie. Ons [Bloemfonteinse Kinderkoor] het byvoorbeeld 'n jazz-liedjie van Prof Steve Zegree van die Universiteit van Kalamazoo gesing. Tydens 'n werkswinkel in Kalamazoo, aangebied deur Steve Zegree, het 'n kinderkoor uit die VSA ook opgetree en is die Bloemfontein Kinderkoor oor die jazz-lied gekritiseer. Volgens hulle het ons nie 'n idee gehad hoe om die lied stylgetrou uit te voer nie. Ons is nie ingeburgerd in 'n styl nie. Sekere Engelse en Suid-Afrikaanse Suid-Afrikaners het min ware kultuurbesit (Persoonlike kommunikasie, 30 Julie 2004).

Die siening dat die musiekskat van Afrikaanssprekende en Engelssprekende Suid-Afrikaners nie so aanskoulik en kultuur-uniek soos die Afrika-musiek nie, speel klaarblyklik 'n rol in die keuse van repertorium. Die gebrek aan inheemse Afrikaanse musiek wat in kontras staan met Europese repertorium, is moontlik een van die redes waarom Afrikaanssprekende kore sterk leun op die insluiting van Afrika-liedere in die repertorium, veral wanneer repertorium vir buitelandse toere saamgestel word.

3.7 DIE SOSIOPOLITIESE ROL VAN VOLKSMUSIEK IN SUID-AFRIKA

Koorsang en die keuse van repertorium kan 'n rol speel in die transformasieproses, interaksie tussen kulture en die bevordering van 'n gees van *Ubuntu*.

3.7.1 Die rol van volksmusiek in die transformasieproses van Suid-Afrika

Jonathan Jansen (Dekaan, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria) bevraagteken die sukses van integrering en rassediversiteit in skole en universiteite ná tien jaar van demokrasie in Suid-Afrika (*Rapport*, 15 Augustus 2004: Perspektief: 21). Hy vra die vraag: "Wat kan skole en universiteite doen om die soort sosiale

interaksie te bevorder wat 'n breër sin van burgerskap, deernis en gemeenskap sal ontwikkel, sodat kinders en studente kan leer saamleef?" Faktore wat 'n rol speel om positiewe interaksie tussen kultuurgroepe te bevorder word uitgelig. Een van die faktore wat hy insluit is die keuse van repertorium vir koorprogramme. Die vraag word gestel: "Wat sing die skool- of universiteitskoor?" Andersom gestel kan die gevolgtrekking gemaak word dat die persoonlike oortuiging van 'n dirigent en/of eksterne druk ten opsigte van sosiale en kulturele integrasie, in repertoriumkeuse 'n rol kan speel. In reaksie op Jansen se brief reageer 'n leser soos volg:

Graag gee ek 'n aantal persoonlike antwoorde op Prof Jansen se vrae (Rapport 15 Augustus). ... Ons koor sing primêr liedjies uit ons Westerse liedereskat. By uitsondering sing ons ook liedere in ander Afrika-tale as Afrikaans. Daar is sulke liedere wat vir ons mooi en aantreklik is" (Schalk de Beer, Secunda, *Rapport*, 22 Augustus 2004, Perspektief: V).

Die feit dat repertoriumkeuse van kore tans as só nuuswaardig geag word dat dit as onderwerp in Suid-Afrikaanse koerante bespreek word, bewys dat daar by Suid-Afrikaners 'n groeiende bewuswording is van wat kore behoort te sing.

Koorsang en die keuse van repertorium kan 'n rol speel in die integrasieproses tussen kulture:

It is well known that music often plays a major role in the integration of culture and the maintenance of ethnic identity as well as in mediation among cultures in contact. Further, music has been proved to be of special usefulness in the solution of social and political problems in inter-ethnic and multi-ethnic societies (Lundquist & Szego, 1998: 18).

Die rol van musiek in die transformasieproses word aangeraak in die voorwoord van die program van die opera-aanbieding *Die Zauberflöte* (29–31 Augustus 2004, aangebied deur die Departement Musiek, Universiteit van Pretoria):

But we are to fulfil our task to give all our students a broad education that will also help to prepare them for the outside world ... While superficially elitistic, it [opera] is in fact the most inclusive of art forms, and can be a major tool in our overall process of transformation (Walton: Departementshoof Musiek, Universiteit van Pretoria).

Hoewel hierdie skrywe na opera verwys, onderstreep dit die rol wat enige vokale musiek in die transformasieproses kan vervul (sien die verwysing na die opera *uCarmen eKhayelitsha*, 3.2.1.2).

In die voorwoord van die bundel *Songs sung by South African children* skryf die outeur hoe inheemse liedere 'n positiewe rol in die transformasieproses in Suid-Afrika kan vervul:

The songs [traditional African songs from South Africa] reflect the rich but harsh reality of social and cultural life in South Africa. As adults we understand how badly we need to change the society we live in, so that our children will have the chance to grow up free from the profound violence of racism en sexism (Brouckaert, 2002: 4).

Uit ondervinding is waargeneem dat die integrasie van verskillende kultuurgroepe in die UP Jakaranda Kinderkoor geslaagd was. Deur interaksie op sosiale en kulturele vlak word integrasie positief bevorder. Wat egter probleme verskaf, is die logistiek en finansiële ondersteuning om leerders uit voorheen benadeelde gemeenskappe die geleentheid te bied tot volgehoue deelname aan streekskooraktiwiteite regdeur die jaar.

3.7.2 Die rol van volksmusiek ter bevordering van 'n gees van *Ubuntu*

Interaksie tussen kultuurgroepe is nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd 'n relevante onderwerp. Sommige temas van kongresse aangebied deur ISME (*International Society for Music Education*), handel oor die persepsie dat musiek deur die eeue as 'n universele taal gesien kan word en reflekteer die vermoë van musiek om 'n gees van *Ubuntu* te skep. (*Ubuntu* dui op samewerking tussen mense – sien terminologie). In sy boek *Tapiola Sounds* sluit Pohjola 'n hoofstuk getiteld "Songs building bridges" in waarin hy die volgende skryf:

Music knows no boundaries. Songs from different countries, sung in their original tongues have opened gates to the understanding of cultures that differ from our own. It is music that expresses the core of a culture; it evokes images, gives impressions, and touches emotions. These experiences pave the way for an acceptance of diversity and variety in human life (Pohjola, 1993: 112).

Die idee van *Ubuntu* is dus 'n universele verskynsel en koorsang kan in dié verband 'n belangrike rol speel. In die proses waar 'n gees van *Ubuntu* tussen kultuurgroepe ontwikkel, vind kruisbeïnvloeding tussen volksmusiek van verskillende kultuurgroepe plaas. In Suid-Afrika, met sy ryk verskeidenheid kultuurgroeperinge, word voorbeelde van wedersydse invloede tussen inheemse musiek dikwels aangetref. Die viering van kulturele diversiteit word nie deur almal as 'n positiewe tendens beskou nie:

This is the new South Africa, the rainbow nation which celebrates "Many Cultures, One Nation" ... The above forms [samesmelting van eienskappe van verskillende inheemse musiek- en ander kunsvorme] do not necessarily represent the distinctiveness of cultures, but bring them close, a fusion that frustrates the hardened purist. Many intellectuals have been highly critical of the rainbow nation project or the celebration of many cultures, arguing that it emphasises differences, 'celebrate what we don't have in common', 'does not challenge us to change our prejudice, but makes us feel comfortable with them ... and promotes ethnic chauvinism' (Duphelia-Mesthrie, 2000: 27).

Daar is dus kontrasterende sienings: Eerstens bestaan die puristiese oortuiging dat volksmusiek en ander kunsvorme van kultuurgroepe nie vermeng behoort te word nie. Tweedens is daar die oortuiging dat die

vermenging van inheemse kunsvorme 'n positiewe bydrae kan lewer in die transformasieproses in Suid-Afrika.

3.7.3 Positiewe faktore wat die insluiting van inheemse Afrika-musiek as koorrepertorium beïnvloed

Uit ervaring blyk dit dat daar by Suid-Afrikaanse kinderkore 'n positiewe gesindheid teenoor inheemse Afrika-musiek bestaan. Dirigente van kinderkore en koorlede self is geïnspireerd om inheemse Afrika-musiek in te sluit en gewillig om te leer. Die voorskrifte van die ATKV se Applous-koorfees vereis byvoorbeeld die insluiting van een lied uit 'n Afrika-kultuur (sien 2.10.1). Hierdie tendens van die groeiende belangstelling in inheemse Afrika-musiek in Suid-Afrikaanse koorrepertorium, kan 'n positiewe rol in die verryking van repertorium en kulturele interaksie vervul. Hierdie musiek word goed ontvang deur Suid-Afrikaanse gehore uit verskillende kultuurgroepe.

Die veranderende gesindheid van dirigente uit blanke gemeenskappe jeens Afrika-musiek blyk verder uit 'n onderhoud met een van die respondente, Christine Dercksen (dirigent van skool- en streekskinderkore):

Ek het in die begin geskrik vir inheemse Afrika-liedere. Ek kon nie verstaan waarom die Applous-koorfees 'n tradisionale Afrika-lied in die program vereis nie. Nou is dit vir my 'n fees en geniet die kinders, ek en die gehore dit só! Swart gehore waardeer en geniet dit baie as ons die Afrika-liedere sing. Die kinders beleef die verandering wat by 'n swart gehoor intree wanneer hulle die Afrika-liedere sing, oorweldigend positief. Hulle is wonderlike waarderende gehore as dit by die uitvoer van Afrika-werke kom – dis 'n verskriklike inspirasie (Onderhoud, 15 Augustus 2004).

Suid-Afrika beskik oor 'n ryk tradisie van volksmusiek. Die verskeidenheid van tale en kulture behoort in Suid-Afrikaanse kuns- en kultuurprogramme (wat Musiekopvoeding insluit), asook in koorrepertorium weerspieël te word. Deelname aan inheemse liedere van verskeie kulture kan bydra tot 'n leefwyse waar interkulturele verdraagsaamheid en respek die norm is.

3.8 VOLKSMUSIEK IN DIE REPERTORIUM VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA JAKARANDA KINDERKOOR

Volksmusiek maak 'n belangrike deel uit van die repertorium van die Universiteit van Pretoria Jakaranda Kinderkoor. Die volgende afdelings fokus op die strewe na 'n balans in die verhouding tussen inheemse en nie inheemse koormusiek.

- **Die strewe na 'n gebalanseerde program in die repertorium**

Uit persoonlike ondervinding met die UP Jakaranda Kinderkoor en waarneming van plaaslike en buitelandse kore, is die navorser met die volgende vraag gekonfronteer: Wat is 'n ideale gebalanseerde koorprogram? Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die ideale koorprogram nie volksmusiek uitsluit nie, maar aan die ander kant ook nie hoofsaaklik uit volksmusiek kan bestaan nie. Die aantal inheemse werke en verwerkings wat ingesluit word, sal afhang van die voorkeure, persoonlikheid en die visie van die dirigent en die tipe konserte waarvoor voorberei word. In die repertorium van die UP Jakaranda Kinderkoor was die logiese samestelling uiteindelik 'n kombinasie van Westerse kunsmusiek, ligter style en inheemse musiek. Suid-Afrikaanse inheemse musiek (Afrika- én Afrikaanse liedere) sowel as volksmusiek vanoor die wêreld is gereeld in die program ingesluit (sien Diskografie).

- **Die insluiting van inheemse Afrika-liedere in die repertorium**

Inheemse Afrika-musiek maak 'n deel uit van die standard-repertorium van die UP Jakaranda Kinderkoor. Die grootste persentasie Afrika-liedere wat deur dié koor uitgevoer word, is onder andere op die volgende wyse deur die navorser bekom:

- Veldwerk is gedoen waar primêre uitvoerings op video geneem is.
- Hierdie musiek is getranskribeer.
- Verwerkings van dié transkriberings is gedoen.


Die persentasie inheemse musiek wat in die repertorium ingesluit word wissel, afhangende van die geleenthede. Vir buitelandse toere word meer inheemse musiek ingesluit: die fokus val in so 'n geval op die insluiting van inheemse Afrikaanse én Afrika-musiek, sowel as inheemse musiek van die land wat die koor besoek.

- **Die verhouding tussen inheemse en nie-inheemse musiek in die repertorium**

Variasie in styl dra by tot die verskeidenheid en sprankel in 'n koorprogram. Beide Afrikaanse en Afrika-volksliedere reflekteer eenvoud en trefkrag, kenmerkend van inheemse musiek, maar kan ook 'n uitdaging wees met betrekking tot die strewe na 'n musikale en outentieke uitvoering. Die sangers en plaaslike gehore identifiseer met beide Afrika- en Afrikaanse volksliedjies, en kennis en waardering vir albei style word sodoende in verskillende Suid-Afrikaanse kultuurgroepe bevorder.

'n Voorbeeld van hoe volksmusiek kan deel uitmaak van die oorkoepelende repertoriumbeplanning en indeling van die jaar se program, word geïllustreer deur die volgende tabel.

Grafiek 6: Die verhouding tussen inheemse musiek en nie-inheemse musiek in die program van die Universiteit van Pretoria Jakaranda Kinderkoor in 2003



Hierdie grafiek, is 'n voorstelling van hoe repertorium vir die programme in 2003 saamgestel was. Die koor is in dié jaar uitgenooi om aan die Sympaatti fees in Finland deel te neem en die repertorium is met die oog daarop saamgestel.

Die insluiting van musiek uit ander lande word veral bepaal en beïnvloed deur buitelandse toere en besoeke van buitelandse kore aan Suid-Afrika. Deur die interaksie met internasionale kore word aan die een kant gepoog om werke van die land wat besoek word in te sluit, en andersyds ook om inheemse musiek uit te ruil en sodoende horisonne te verbreed deur blootstelling aan nuwe musiek en ander kulture. In hierdie proses word gestreef na 'n goedgebalanseerde program wat 'n verspreiding en verskeidenheid van style illustreer.

3.9 SAMEVATTING

Dit word algemeen aanvaar dat 'n program 'n verskeidenheid van style behoort te reflekteer; dat oorspronklike komposisies ingesluit behoort te word en dat daar 'n balans sal wees tussen *a cappella*- en begeleide werke. Dit blyk egter dat dit ewe belangrik is dat kinders blootstelling geniet aan inheemse koorwerke uit 'n verskeidenheid van kulture. Verskillende genres behoort dus in die koorprogram ingesluit te word, mits dit musikaal en stylgetrou aangebied word. Inheemse Afrikaanse en Afrika-musiek doen gewis nie afbreek aan die standaard van 'n program nie, maar verleen balans en verskeidenheid daaraan en reflekteer die diversiteit in Suid-Afrika.

Koorlede van die UP Jakaranda Kinderkoor is in 2003 gevra om hul siening met betrekking tot die insluiting van inheemse Afrika-musiek in die koorprogram te verwoord. Die ervaring van vreugde wat Afrika-musiek aan die koorlede self sowel as mede-sangers en gehore in Suid-Afrika en in die buiteland bied, is

oorweldigend. Die reaksie van die kinders lewer bewys daarvan dat die insluiting van inheemse musiek 'n belangrike rol vervul in die algemene en musikale ontwikkeling van mense en verhoudinge tussen kulture.

We are a choir from Southern Africa that makes us Africans; therefore I find it essential to include African songs as well as traditional African "tin can" and "gumboot dances" in our repertoire. These songs highlight our rich, cultural and colourful heritage. We are a rainbow nation and these songs are uniquely special and symbolic of our multi-racial community. They are bold, yet humble at the same time and provide entertainment to many foreigners and South Africans alike! These songs and dances are just some of the many fascinating beauties that Africans have to offer the wide world (Jaclyn du Toit -16 jaar).

I have the most inspiration about learning music which I as a partly Xhosa child can understand. I think singing African music is wonderful and we should keep going it strong (Cameron Jacobs -12 jaar).

I think these songs bring our country together. Last year when we had a concert it proved its point when we sang African songs with black people. All racism was "erased". It had a wonderful rhythm and beat. Doing the movements is a lot of fun. These songs show a lot of love and unity (Michelle Hyams -14 jaar).

African music is an expression of love, wisdom and courage. To me, it is a unique form of music - a work of heart. When listening to African music, be it worship, songs of love or wisdom, you can't help but feel inspired by its strong pulsating beat. What would South Africa be without the rhythm that African music brings (Stephanie du Toit -14 jaar).